

Stamvader Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen se vestiging in die Kaap in 1766

Die omstandighede waaronder Suid-Afrikaanse stamvaders na die Kaap de Goede Hoop (Kaap) gekom het, is dikwels 'n kwessie van veralgemening en spekulasie. In die geval van die Barkhuizen-familie bied twee familiebriefe uit Duitsland, wat in 1770 en 1816 aan die stamvader gerig is, 'n uitsonderlike geleentheid om die omstandighede binne 'n persoonlike konteks te plaas. Die storie wat ontvou, vertel 'n verhaal van jongmensdrome teenoor die magtige *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC). Dit vertel 'n verhaal van ontstelde familieleden, van plegtige beloftes en witleuentjies, van 'n ontydige siekte en van liefde in 'n verre land.




Johan Barkhuizen – johan@barkhuizen.co.za¹

Erkenning aan *Familia*, vol. 50 September 2013 nr 2 en 3, p. 127, tydskrif van die GGSA.


Inleiding

“Mein Gott, wie geht das zu, hast Du uns was weiß gemacht, oder was für ein Umstandt hat Dich dazu gebracht?”² [My God, hoe het dit gebeur, het jy ons probeer mislei of watter omstandighede het jou gebring tot waar jy nou is?] Hierdie woorde in 'n brief gedateer 14 Junie 1770 aan stamvader Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen wys duidelik die geskokte ontsteltenis van sy familie toe hulle vier jaar na sy vertrek uit Duitsland weer tyding oor sy doen en late gekry het. Dit is baie duidelik dat die brieffskrywer, Carl Dietrich Barckhausen, onder 'n heel ander indruk was oor wat sy jongste broer se omstandighede behoort te gewees het.

Hierdie brief van Carl Dietrich is een van twee familiebriefe uit Duitsland aan stamvader Johann Barckhausen wat bewaar gebly het. Die briewe is in 1929 na die dood van J. C. W. (John) Barkhuysen *14.5.1856, van *Orange Grove* langs die bolope van die Keurboomsrivier, in 'n geelhoutkissie tussen sy besittings gekry.³ Die eerste brief is op 14 Junie 1770 in Hanover, Duitsland deur Carl Dietrich Barckhausen aan sy broer geskryf. Die inligting in hierdie 1770-brief, oor die omstandighede van stamvader Johann Barckhausen, vorm die basis van hierdie artikel. Die tweede brief⁴ is 46 jaar later op 14 Augustus 1816 vanaf Bremen deur Dietrich Ludwig Barckhausen, 'n seun van Carl Dietrich, in Nederlands⁵ geskryf. Die inligting in die 1816-brief is ondanks die lang tydsverloop tussen die twee briewe aanvullend tot die verhaal. Omdat die briewe so 'n belangrike bron vir die argument in die artikel uitmaak, het ek as beginpunt die briewe deur 'n kundige laat transkribeer en deur middel van historiese kritiek bepaal dat die briewe wel eg is.⁶



Figuur 1 Gedeelte van die brief deur Carl Dietrich Barckhausen gedateer 14 Junie 1770



Figuur 2 Gedeelte van die brief deur Dietrich Ludwig Barckhausen gedateer 14 Augustus 1816

In die 1770-brief blyk dit dat die Duitse familie onder die indruk was dat Johann Barckhausen in Oos-Indië, by een van die *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC) se handeldkantore, as handelaarsassistent werksaam was. Johann het verder ook 'n plegtige belofte aan sy skoonsuster gemaak dat hy nie daar in die vreemde sou trou nie. Die harde werklikheid is egter, soos ons later in meer besonderhede sal sien, dat Johann hom in 1770 in die Kaap de Goede Hoop (Kaap) bevind het. Hy het as leenkneg vir Nicolaas Janse van Rensburg in die distrik Swellendam gewerk. Boonop was hy van voorneme om met Jaquemina, sy werkgewer se dogter, te trou.

Dit is duidelik dat die verskil tussen die verwagtinge van die Duitse familieleden en die realiteit tot groot ontsteltenis gelei het. 'n Mens wil saam met Carl Dietrich Barckhausen aan sy broer vra: "Maar hoe hét dit gebeur? Wáttér omstandighede het jou gebring tot waar jy nou is?" In hierdie artikel ondersoek ek gevolglik die teenstrydigheid tussen die verwagtinge van die Duitse familie, soos uit die brief blyk, en die werklike verloop van gebeure in Johann Barckhausen se lewe. Drie aspekte wat 'n invloed op sy lewenspad gehad het en waarvan die Duitse familie onbewus was, word in die artikel bespreek. Dit is die magtige VOC as werkgewer, ontydige siekte in die Kaap en sy liefde vir Jaquemina Janse van Rensburg. Ten slotte word enkele interessante oordele oor die verdere lewensverloop van Johann Barckhausen en sy broers wat met die briewe verband hou, genoem. Ek begin egter, ter wille van die konteks vir die verhaal, met 'n kort oorsig oor die Barckhausen-familie in Duitsland en enkele aspekte oor die aard van persoonlike briefwisseling tydens die VOC-tydperk.

Die Barckhausen-familie in Duitsland

Stamvader Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen se ouers, Nicolaus Barckhausen en Anna Catharina Clebe, het volgens Linde 'n huis in Horn, in die graafskap Lippe in Noordryn-Wesfale, besit. Nicolaus se beroep was *Konduktor*, wat beteken dat hy grond by adellikes gehuur het om daar te boer. Hy het by die familie Von Weichs, op die landgoed Vorder-Eichholz, by Vinsebeck grond gehuur.⁷ Dit is daar op Eichholz waar Johann sy eerste lewensjare deurgebring het.

'n Kort uiteensetting van die samestelling van die gesin, waarvan Johann Barckhausen (nr. 9) deel was, is soos volg:

Nicolaus BARCKHAUSEN * Hornoldendorf ca. 1700 ≈ Heiligenkirchen 13.07.1700 † Eichholz 17.01.1756 (s.v. Friedrich Otto BARCKHAUSEN en Sophia PLAGEN) x ca. 1725 Anna Catharina CLEBE * Detmold ca. 1700 (waarskynlik die dogter van *Amptsvogt* Johann Jacob CLEBE en Anna Elizabeth WIGANDTS).⁸

1. Friedrich Christoph ≈ Heiligenkirchen 16.3.1726 † Horn, Amt Detmold 4.10.1789.⁹
2. Otto Henrich Jacob ≈ St. Marienkirche, Steinheim 28.12.1727.¹⁰ Jonk oorlede.
3. Simon Friedrich Adolph ≈ St. Marienkirche, Steinheim 16.2.1730 † Eichholz 27.9.1747.
4. Simon Henrich ≈ St. Marienkirche, Steinheim 14.6.1731, † Surabaya, Java 4.8.1788 x Elizabeth WINTER.
5. Herman Carl Dietrich ≈ St. Marienkirche, Steinheim 21.03.1734 † 1775 x 1764 Anna Catharina VOLLAND.
Hy het in 1770 die brief aan sy jongste broer J. N. W. Barckhausen geskryf. Hy onderteken die 1770-brief slegs as Carl Dietrich. Sy seun, Dietrich Ludwig, het die tweede brief in 1816 geskryf.
6. Sophia Catharina Theodora ≈ St. Marienkirche, Steinheim 1.9.1737 † Eichholz 25.09.1747.
7. Johan Wilhelm ≈ St. Marienkirche, Steinheim 31.03.1740. Jonk oorlede.
8. Wilhelm ≈ St. Marienkirche, Steinheim 1.11.1742, † Eichholz 25.09.1747.
9. Johann Nicolaus Wilhelm ≈ St. Marienkirche, Steinheim 30.5.1746 † *Kykoe*, distrik George, Kaapkolonie 1812¹¹ x Drakenstein (Paarl) 8.11.1771¹² Jaquema JANSE VAN RENSBURG ≈ Roodezand (Tulbagh) 17.4.1756,¹³ † *Kykoe*, distrik George, Kaapkolonie 1826¹⁴ (d.v. Nicolaas JANSE VAN RENSBURG en Alberta VAN ROOYEN).

In 1764, 'n jaar voor Johann Barckhausen by die VOC aangesluit en uit Amsterdam vertrek het, bestaan die gesin slegs uit weduwee Anna Catharina Clebe en die vier seuns wat volwassenheid bereik het. Die oudste broer, Friedrich Christoph, is ongetroud en 'n *Wagtmeister* in die Koninklike Pruisiese weermag.¹⁵ Simon Henrich het in 1755 met die VOC-skip *Boschenhoven* as soldaat in diens van die VOC na Batavia vertrek. Hy het die eerste drie jaar in Samarang gewerk, toe in Jakarta en sedert 1759 was hy 'n sieketrooster in Surabaya.¹⁶ (Herman) Carl Dietrich, die brieffskrywer, en sy vrou het kort na hul huwelik in 1764 na Hanover verhuis¹⁷ waar hy by die firma D. L. Buhl as *koopman* gewerk het. Sy ma, Anna Clebe, het moontlik saam met die gesin gegaan. Die jongste seun, Johann Nicolaus Wilhelm, 'n jong man van 18 jaar oud, was waarskynlik op soek na 'n geskikte maatskappy waar hy sy vakleerlingskap as handelaar kon voltooi. Uit die 1770-brief is dit duidelik dat sy broer Carl Dietrich en sy skoonsuster, Anna Volland, hulle vanuit Hanover oor hom ontferm het en met sy toekomsbeplanning gehelp het.

Private korrespondensie

Om terug te keer tot die briewe self moet ons eers na sekere aspekte van briefwisseling in die 1700's kyk. Privaatkorrespondensie tussen die Nederlandse republiek en die Kaap de Goede Hoop was nie maklik nie. Volgens Moree het die artikelbrief van die VOC in 1702 reeds streng reëls en beperkings oor privaatpos bepaal. Alhoewel daar op vertrekkende skepe 'n *scheepsdoos* was waarin privaatpos ingehandig kon word, is al hierdie briewe gelees en gesensuur. Die VOC was bang dat strategiese inligting oor die handelsbelange uitlek en daar was 'n voortdurende stryd om korrupte privaathandel te beperk. In die 1600's was posklippe gewild, maar teen 1770 het die meeste brieffskrywers van 'n gemeenskaplike vriend of kennis gebruik gemaak om privaatbriewe te vervoer. Daarom is die woorde: "*Met vriend, die God geleide*" [begelei] ook dikwels op koeverte geskryf.¹⁸ Hierdie manier van briewe stuur het baie nadele gehad. Indien die koerier die skeepsreis oorleef het, was daar nog toewyding van verskeie mense nodig om die brief tot by sy uiteindelige bestemming te besorg.

Carl Dietrich Barckhausen se brief in 1770 uit Hanover, Duitsland, moes 'n lang paadjie loop om iemand op 'n afgeleë plaas in die Swellendam-distrik van die Kaap te bereik. Selfs die 1816-brief van Dietrich Ludwig Barckhausen het eers na 'n lang gesukkel by die familie van sy oom, stamvader Johann Barckhausen, uitgekom. Hy verduidelik sy strategie deur eers uit te vind waar sy oom is, wie hom ken en dan die brief aan te stuur:

Zedert vele jaren heb ik reeds moeite gedaan om te vernemen of gij, waarde oom of dan eenige van uwe kinderen, nog in het leven mogtet zyn; ik heb dikwyls personen wie naar

di Kaap of naar Batavia stonden te gaan, last gegee om naar u te vragen, nimmer echter heb ik een antwoord bekomen - niet lang geleden heb ik ook nog eens hierom aan de predikant Hesse in de Kaapstad geschreeven. Enige dagen geleden, heb ik nu vernomen dat er te Amsterdam een man van di Kaap zond zyn gearriveerd, di aan eenen vriend van my gezegd heeft, dat hy u zeer wel kende...

Hierdie aanhaling wys enersyds op die gesukkel om pos af te lewer, maar dit wys ook hoe stadig die verspreiding van inligting was. Johann Barckhausen het nooit hierdie brief ontvang nie. Hy is alreeds in 1812 oorlede, vier jaar voor hierdie brief van Dietrich Ludwig geskryf is. Dat privaatpos in die 1770's 'n geadresseerde bereik het, was dus nie 'n gegewe nie.

Toekomsverwagtinge van die Duitse familie

Om terug te keer tot die inhoud van die 1770-brief kyk ons eerstens in meer besonderhede na die verwagtinge wat die familie oor die toekoms van Johann Barckhausen gehad het. Carl Dietrich gee 'n presiese omskrywing van die planne toe hy vra wat van die volgende geword het: "...*daß du von der Cammer engagiret wäret als Schreiber¹⁹ um in Ostindien aufs Comtoir²⁰ zu kommen.*" [...dat jy by die Kamer van Koophandel (van die VOC) as skrywer (handelaarsassistent) sou aansluit om in Oos-Indië by 'n handelspos/*factorij* te gaan (werk).] Hy sê amper verwykend dat hierdie tog die feite is wat Johann destyds aan hulle geskryf het: "...*da du doch uns derzeit geschrieben...*" Dit was die gebruik dat almal kort voor hul vertrek uit Amsterdam briewe aan geliefdes skryf. Hierdie laaste brief waarna Carl Dietrich verwys, is waarskynlik dieselfde brief waarna Dietrich Ludwig later in 1816 ook verwys: "*Ik heb nog uwe brieven, welke gij in het jaar 1765 voor uw vertrek van Amsterdam aan mynen Vader geschreven hebt...*"

Die grootste skok vir die familie was egter die nuus dat Johann van voorneme was om te trou. Carl Dietrich skryf dat hy nie eers kan sê hoe ontsteld sy vrou, Anna Volland, oor hierdie "*Fürnehmen*" [voorneme] is nie: "...*desto mehr da Du meiner Liebsten die heiligste Versicherung gegeben, Du Dich nicht wolltest dort im Lande verheyrathen.*" [...des te meer omdat jy my liefste die heiligste versekering gegee het dat jy nie in daardie land sal trou nie.] Hy probeer Johann oorreed om te wag met die huwelik deur te sê dat hy nog jonk is en dat hy hom nie nou al moet verbind nie. Carl Dietrich sleep selfs die voorgenome huwelik in by Johann se versoek om geld aan hom Kaap toe te stuur. Hy antwoord dat hulle Johann nie eintlik met geld kan help nie, omdat sy besigheid self swaarkry vanweë verskeie bankrot debiteure. Sy ma het ook nog nie die *ländereyen* (waarskynlik grond in Horn) verkoop nie. En dan kom die dolksteek: "Jy moet 'n eerlike antwoord oor jou omstandighede gee, want hoe kan ons jou vertrou nadat jy jou belofte oor die verlowing verbreek het? As ek nie oortuig is van jou opregte optrede nie, kan jy nie hulp van my af kry nie." Dit dui op 'n baie ontstelde ouer broer en 'n ernstige vertrouensbreuk.

Waarskynlik was daar wel 'n meningsverskil tussen Carl Dietrich en Johann oor sy toekomsplanne. Enige mens wat al met 'n hardkoppige jongman oor studies en werkseleentede gesels het, kan dit beaam. Die volgende sinsnedes in Carl Dietrich se brief het tog 'n ondertoon van 'n moontlike familietwis voordat Johann na Oos-Indië vertrek het: "...*ich will dich zu nichts rathen, du hast jetz deinen vollen Verstandt, du mußt nun dein Bestes wissen* [...ek wil niks aan jou voorskryf nie, jy het gesonde verstand en jy weet wat is die beste vir jou] en "...*ich und die meinigen vergeben dir und haben dir alles vergeben,...*" [...ek en die familie vergewe jou en het jou alles vergewe,...] Tog wys ander reeds genoemde sinsnedes uit die brief soos "watter omstandighede het jou gebring tot waar jy nou is?" en "Jy moet 'n eerlike antwoord oor jou omstandighede gee...", dat Carl Dietrich vermoed dat daar miskien dinge gebeur het waarvan hy nie bewus was nie. Om 'n moontlike antwoord op hierdie verwyte te kry, moet ons nou eers kyk na wat werklik sedert 1765 in Johann Barckhausen se lewe gebeur het en hoe hierdie gebeure sy eie planne en die familie se verwagtings deurmekaar gekrap het.

Wanderschaft en die VOC as werkgewer

In 1765, die jaar waarin Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen uit Amsterdam vertrek het, het hy 19 jaar oud geword. Hy was waarskynlik besig met sy *wanderschaft*. Sedert die sestiende eeu was dit vir 'n Duitse jongman na sy opleiding by 'n ambagsgilde verpligtend om 'n aantal jare rond te trek om by verskeie meesters te werk en so ervaring, getuigskrifte en kos te verdien.²¹ In die 1770-brief bevestig Carl Dietrich dat Johann al opleiding ontvang het: "...*Du bist ja noch jung genug und hast was gelernt,...*" [...jy is nog jonk genoeg en het geleer,...] Johann se voorneme om by die VOC as *schrijver* aan te sluit en by 'n handelspos te gaan werk, wys onteenseglik dat hy reeds met 'n vakleerlingskap as handelaar besig was. Dit word ook gesuggereer in die 1816-brief toe Dietrich Ludwig verwys na die firma D. L. Buhl, die handelsfirma waar verskeie familieleden *koophandel* geleer het. Hy skryf in die brief aan sy oom, Johann Barckhausen, oor sy eie opleiding: "...*op het kantoor van D. L. Buhl - hetzelfde kantoor op het welk ook myn vader 9 jare geweest is, en hetwelk u wel nog bekend sal zyn. Ik ben 15 jaren op dat kantoor geweest om de koophandel te leeren.*"

Die beste werkgewer van die tyd was ongetwyfeld die *Verenigde Oost-Indische Compagnie* (VOC), 'n reuse multi-nasionale maatskappy met verskeie handelposte regoor die Asiatiese handelsgebied. Vir 'n voornemende *koopman* sou die VOC dus 'n baie goeie keuse gewees het, maar vir die Barckhausen-familie was die handelspos in Oos-Indië ook om 'n ander rede 'n geskikte werksplek vir die jongste broer. Simon Henrich, 'n ouer broer, was alreeds 10 jaar in Oos-Indië gevestig. Om in die hoofstroom van wêreldhandel te wees en boonop nog onder toesig van ouer broer Simon, sou beslis gerusstellend vir die familie in Duitsland gewees het.

Die eerste probleem waarmee die jong en onervare Johann Barckhausen te doen gekry het, was dat die VOC bykans alle hoë poste vir Nederlanders gereserveer het.²² Sy planne om as *schrijver* by die VOC aan te sluit, was 'n bykans onmoontlike ideaal. *Opper- en onderkoopman* was van die hoogste poste op die skip en hulle assistente is in daardie geledere ingesluit. Daar was eintlik net een opsie vir 'n Duitser, ongeag sy kwalifikasies, om by die VOC in te kom – óf as matroos, óf as soldaat. Hoe nou maak? Van Gelder wys daarop dat 'n onsuksesvolle *wanderschaft* 'n groot skande was.²³ Eerder as om vernederd terug te keer, besluit Johann om met behulp van die *volkhouder* H. Grimmenberg (ook soms Grimsberg) 'n kontrak met die VOC, by die Kamer van Amsterdam, as soldaat te teken.²⁴ Hy het waarskynlik gedink dat hy in Oos-Indië van soldaat na die handelskantoor kon oorskuif. Sy broer, Simon Henrich, het self aangesluit as soldaat en het later as sieketrooster diens gedoen. Roeper en van Gelder noem ook 'n voorbeeld van die Duitse soldaat, Georg Bernhardt Schwartz, wat na kuiper toe oorgeskuif het en ook nog in sy vrye tyd met tee handel gedryf het.²⁵ In 'n laaste brief kort voor sy vertrek uit Amsterdam, vertel Johann toe maar 'n witleuentjie aan die familie. Hy is wel op pad na Oos-Indië, maar hy verswyg opvallend die feit dat hy as soldaat moes aansluit. 'n Eerste voorneme om as *schrijver* te gaan werk, is weens die monopolistiese beleid van die magtige VOC gedwarsboom.

Die uitvaart en hospitalisasie van Johann Barckhausen

Johann het op 15 November 1765 met die *Kievitsheuvel* na Oos-Indië vertrek. Die eerste skof van die reis tot by die Kaap de Goede Hoop op 3 Maart 1766 het 108 dae geduur. Daar is 33 mense, of 8,8% van die totale getal VOC-personeel aan boord, tydens hierdie deel van die reis oorlede. Johann self is kort na aankoms in die Kaap in die hospitaal opgeneem.²⁶ Ons weet ongelukkig nie of die hospitalisasie weens 'n siekte, 'n werksongeluk of selfs geweldpleging was nie. Alle inligting dui egter daarop dat 'n epidemie aan boord van die *Kievitsheuvel* uitgebreek het. Dit is duidelik as die sterftesyfer van die *Kievitsheuvel* met die sterftes op enkele ander skepe van die Kersvloot van 1765, wat op 15 November en 1 Desember vertrek het, vergelyk word. Die *Vrouwe Petronella*, *Jonge Lieve* en *Vredelus* het 'n sterftesyfer van onderskeidelik 4,4%, 5,5% en 17,6% gehad. Aan die ander kant het twee skepe, *Vrouwe Elizabeth Dorothea* en *Oranjezaal*, die Kaap sonder 'n enkele sterfgeval bereik.²⁷ Volgens Sleight²⁸ was epidemies soos tifus, ingewandskoors en voedselvergiftiging, en nie 'n algemene dieetsiekte nie, vir die meeste siektes aan boord van skepe verantwoordelik. Hy argumenteer dat 'n verskeidenheid siektes uit onkunde tot *schorbut* of

skeurbuik veralgemeen is. Alhoewel die waarde van 'n goeie dieet en suurlemoene in die 1760's alreeds goed bekend was, het dieetsiektes soos skeurbuik en beri-beri tog nog steeds voorgekom.

'n Verdere ontleding van die *Kievitsheuvel* se personeel wat óf tydens die reis gesterf het, óf wat na aankoms in die Kaapse hospitaal opgeneem is, werp meer lig op die omvang van die siekte. Meer as 50% van die 33 sterftes tydens die reis het in Januarie plaasgevind met 'n hoogtepunt van 10 sterftes op 8 en 9 Januarie 1766. Die *Kievitsheuvel* het tussen 20 en 25 Desember 1765 by St. Jago (die huidige Santiago) op die Kaap Verdiese Eilande oorgestaan om vars kos en water te kry. Hulle was dus in Januarie 1766 naby die ewenaar. Windstiltes was dikwels hier 'n probleem en kos het in die versengende hitte begin vrot. Die onhigiëniese omstandighede was 'n broeiplek vir epidemies soos dissenterie, tifus en cholera. Van Gelder haal die Duitse soldaat, Johan Wilhelm Vogel, aan oor die leefruimte op die skip: "*Men leefde dicht op elkaar, permanent in de stank van urine, uitwerpselen, zweet en braaksel.*"²⁹ In tabel 1 is dit duidelik te sien dat op die *Kievitsheuvel* was die lae range en veral soldate deur die epidemie geraak.

Tabel 1 Sterftes en hospitalisasie van die *Kievitsheuvel* se personeel volgens range verdeel³⁰

	Hoë offisiere	Onder-offisiere en vakmanne	Lae range (Matrose)	Soldate	Totaal
Getalle met vertrek uit Nederland.	7	54	187	125	373
Sterf tussen Nederland en die Kaap.		6	13	14	33
In die Kaapse hospitaal opgeneem na aankoms.		9	44	27	80
Sterf in die Kaapse hospitaal.			2	3	5

Die feit dat 80 bemanningslede na aankoms in die Kaap in die hospitaal opgeneem is en 'n verdere vyf mense daar gesterf het, wys dat die epidemie op die *Kievitsheuvel* moeilik onder beheer gebring is. Volgens beskikbare gegewens was die *Kievitsheuvel* se siekes gemiddeld 22 dae in die Kaapse hospitaal.³¹ 'n Gebrek aan blaargroente sou met die regte dieet in die Kaap maklik binne 'n week genees kon word en hospitalisasie sou nie nodig gewees het nie.³² Alhoewel 'n mens nie dieetsiektes soos skeurbuik of 'n besering kan uitskakel nie, dui beskikbare gegewens daarop dat Johann Barckhausen waarskynlik vanweë 'n epidemie op die skip siek geword het.

In die grootboek van die *Kievitsheuvel* word aangeteken dat Johann se rekening vir die skeepsreis op 10 Maart 1766 (sewe dae na aankoms in die Kaap) afgesluit word, dat hy *door indispositie* [ongesteldheid wat na geen spesifieke oorsaak verwys nie] *ten hospitaal ... aan land en abz. gepl.* [afwesig gebly het] *en g'changeert* [dat sy situasie verander het]³³ Dit beteken dat hy nie verder na Oos-Indië sal reis nie, maar dat hy nou in die Kaap moet agterbly om sy diens daar te verrig. Dit is opvallend dat sy rekening al op 10 Maart gesluit is. Tientalle ander soldate soos Johannes Muller van Hessencassel en Johannes Hes van Tannheim, wat 32 dae in die Kaapse hospitaal was, het tog saam met die *Kievitsheuvel* op 11 April 1766 na Oos-Indië vertrek.³⁴ Volgens Schoeman het VOC-amptenare waarskynlik 'n sê gehad in die plek waar hulle diens doen.³⁵ Daar is eintlik net drie moontlikhede om die vroeë afsluiting van Johann se rekening en die "*g'changeert*" te verklaar: hy was óf so siek dat daar teen 10 Maart nog geen kans was dat hy betyds sou herstel nie, óf hy het 'n amptelike opdrag ontvang, óf hy het vrywillig besluit om in die Kaap agter te bly. Hy het waarskynlik so 'n weersin in die siektes en sterfgevälle op die skip ontwikkel dat hy vir sy eie oorlewing besluit het om in die Kaap agter te bly. Ondanks die gebrek aan stawende getuienis vir enige van die redes waarom Johann agtergebly het, kan ons daarby volstaan dat 'n onbekende siekte op die skip veroorsaak het dat 'n tweede ooreenkoms met sy familie, om in Oos-Indië te gaan werk, verbreek is.

Vestiging in die Kaap de Goede Hoop

Na sy ontslag uit die hospitaal het Johann Barckhausen vir twee jaar diens gedoen in *De eerste facante comp*: [kompanjie] onder bevel van kaptein Hieronimus Hendriks, die militêre bevelvoerder by die kasteel.³⁶ 'n Mens wonder onwillekeurig of die feit dat hy steeds in hierdie tydperk nie 'n oorplasing na Oos-Indië gevra het nie, te doen het met 'n doelbewuste besluit om in die Kaap agter te bly. Alhoewel die Kaap nie naasteby kon vergelyk word met die handelsomvang van Oos-Indië nie, was daar darem ook genoeg sakegeleenthede. Johann het waarskynlik die ideaal om as koopman te kwalifiseer ook laat vaar, want hy besluit om as leenkneg op 'n afgeleë plaas in die distrik Swellendam te gaan werk.

Op 8 Junie 1768 teken Johann Barckhausen 'n kontrak as kneg met Nicolaas Janse van Rensburg.³⁷ Die plaas *Valschrivier* lê teen die Langeberg, tussen die huidige Riversdal en Albertinia. Die kontrak maak voorsiening daarvoor dat hy 'n groot verskeidenheid take kon verrig. Met sy basiese opleiding as *koopman* kon hy Janse van Rensburg se korrespondensie en boekhouding doen. Nicolaas Janse van Rensburg was waarskynlik self nie geletterd nie want op die genoemde kontrak het hy van 'n *lasthebbende* [gevolmagtigde] gebruik gemaak om namens hom te teken. Heese skryf dat op grond van Johann se mooi en duidelike handtekening hy moontlik 'n onderwyser vir die Janse van Rensburg-kindere was.³⁸ Dit word in die 1770-brief van Carl Dietrich bevestig toe hy vra hoe dit gebeur het dat Johann nou as *informer* [tutor/private manlike onderwyser] werk.³⁹ Janse van Rensburg het op daardie stadium vier kindere van skoolgaande ouderdom gehad, onder andere Jaquemina, die oudste dogter.


Teen 1769 was die 23-jarige Johann Barckhausen goed gevestig op *Valschrivier*. Janse van Rensburg betaal hom 'n goeie salaris van 17 gulden per maand (8 gulden meer as sy gasie in diens van die VOC), wat saam met twee pond tabak 'n verdere aanduiding is dat hy as toesighouer, onderwyser en boekhouer opgetree het. Gemiddeld sou 'n leenkneg in 1700 tussen 13 en 14 gulden met een pond tabak verdien het.⁴⁰ Hulle was so tevrede met mekaar dat die kontrak twee keer verleng is.⁴¹ Dit was waarskynlik iewers in die jaar 1769 dat Johann 'n brief aan sy familie in Hanover geskryf het oor waar hy hom nou, vier jaar na sy vertrek uit Duitsland, bevind het. Hy moes hulle vertel het dat hy in die Kaap de Goede Hoop is en nie in Oos-Indië nie. Hy moes vertel het dat hy nie as *schrijver* by 'n handelspos werk nie. Hy het waarskynlik 'n witleuentjie oor die knegskap vertel en eerder gefokus op die feit dat hy 'n *informer* is. Hy vra verder of die familie vir hom geld sal leen. Hy skryf ook van die liefde tussen hom en die 14-jarige Jaquemina Janse van Rensburg. Dit was oor hierdie nuus waarop Carl Dietrich so heftig op 14 Junie 1770 uit Hanover gereageer het. Min het die familie geweet van die omstandighede waaraan Johann Barckhausen niks kon doen nie.

Asof hy geweet het dat daar goeie redes vir die veranderinge in sy broer se lewe kon wees, sê Carl Dietrich dat die familie hom vergewe, hy gee goeie wense: "*Dir wünsche ich lieber Bruder viel Glück, Heyl und Seegen,...*" [Ons wens jou, liewe broer, alle geluk, heil en seën toe,...], en sê dat Johann se welstand vir die familie baie belangrik is. Carl Dietrich is egter skaam as hy oor sy broers uitgevra word: "*...man muß sich schämen, wen man gefragt wird um seinen Bruder*". Hy vertel dat broer Friedrich al twee keer kom kuier het en dat hy eerskomende somer sy ontslag uit die Pruisiese weermag sou kry. Hy vra ook na broer Simon se welstand: "*Wie stehts den um Bruder Simon in Surabaya, ...*" en sê verder dat Johann nie moet nalaat om nuus oor die familie aan Simon oor te dra nie want hy is die eerste en beste om dit te doen. Carl Dietrich voorspel dat hulle mekaar waarskynlik nie in hierdie lewe weer sal sien nie. Tog het hulle bly korrespondeer. Dietrich Ludwig skryf in 1816 dat hy nog al Johann se briewe uit die Kaap de Goede Hoop wat aan sy vader gerig is, het. Hy sê dat die laaste brief in Desember 1774 gedateer is en dat die briewe moontlik daarna opgehou het omdat sy vader, Carl Dietrich, in 1775 oorlede is. Johann het darem sy broer Simon Henrich, die sieketrooster in Surabaya, weer gesien. Simon Henrich was in 1779 in Roodezand (Tulbagh) 'n doopgetuie vir die vierde kind van Johann en Jaquemina.⁴² Die dopeling, Simon Hendrik, is opvallend na broer Simon vernoem.

Alhoewel Carl Dietrich op 14 Junie 1770 sy skok oor die voorgenome huwelik uitgespreek het, het die reëlings voortgegaan. Volgens die lidmaatregister van Roodezand-gemeente (Tulbagh) het Jaquemina in Julie 1771 as nuwe lidmaat belydenis van geloof afgelê. By hierdie selfde geleentheid het Johann ook lidmaat geword “*mit attestatie* [attestate/bewys van kerklidmaatskap] *van Swalenberg*”.⁴³ Vier maande later, op 8 November 1771, is Johann Barckhausen (toe 25 jaar oud) met Jacquemina Janse van Rensburg (15 jaar oud) in die Drakenstein-gemeente (Paarl) getroud. Met hierdie huwelik is ’n derde belofte aan sy familie, om nie daar in die vreemde land te trou nie, ook verbreek.

Johann het in sy leeftyd toe nooit eksklusief as handelaar gewerk nie. Hy sou later in die Swellendam-landdrosdistrik eerder as boer, baaspadmaker, adjudant, veldwagmeester, veldkommandant en heemraad bekend wees.⁴⁴ Tog het hy sy besigheidsvaardighede goed gebruik om vir hom en sy gesin ’n goeie toekoms te verseker. Kort na sy aansoek vir burgerskap op 24 Oktober 1776⁴⁵ het hy *in maatschappij* met Jacobus Botha *d’oude* gegaan. Botha was Jaquemina se oupa en ’n gesiene oud-heemraad en ryk boer op die plaas *Jan Harmens Gat* naby Swellendam. Johann het twee van sy slawe aan Botha verkoop, hy sou sy eie ossewa gebruik, hy sou Botha se plase in die Bo-Langkloof bestuur en die vee aan kompanjieslagters verkoop. Johann het die plaas *Kykoe (Keurboomsrivier)* by Botha vir 150 Rds. gekoop, maar die betaling is tot met óf die dood van Botha, óf die beëindiging van die *maatschappij*, uitgestel.⁴⁶ Waarskynlik het Dietrich Ludwig ook gehoor dat sy oom belangstel in koop en verkoop want hy skryf in 1816: “...*ik als koopman, wenschte wel met mynen geliefde oom of darzelfs kinderen eenige negotie zaken te kunnen doen.*”

’n Aspek wat nie in die briewe ter sprake kom nie, maar wat heel moontlik ook ’n beroering in die Barckhausen-huishouding in Duitsland sou veroorsaak het, is die feit dat stamvader Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen sy naam verander het. In die soldyboek van die *Kievitsheuvel* word sy naam reeds deur die VOC-amptenaar as *Johan Willem Barkhuijsen* geskryf en op elkeen van die latere handtekeninge wat ek kon opspoor, het hy as *Jan Willem Barkhuijsen*, geteken. Dit is asof hy ’n doelbewuste besluit geneem het om sy naam te vernederlands. Waarskynlik was dit ’n strategiese besluit vir groter aanvaarding binne die Nederlandse handelswêreld.

A photograph of a handwritten signature in cursive script. The signature reads "Jan Willem Barkhuijsen". The ink is dark and the paper appears aged and slightly yellowed. The signature is written on a single line of paper.

Figuur 3 Handtekening van Jan Willem Barkhuijsen in 1774⁴⁷

Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen of Jan Willem Barkhuysen soos hy nou in die omgang in die Kaap de Goede Hoop bekend gestaan het, het sekerlik Carel Dietrich se geskokte vraag, “hoe het dit gebeur, het jy ons probeer mislei of watter omstandighede het jou gebring tot waar jy nou is?”, in ’n opvolgbrief beantwoord. Hy sou hulle vertel het dat hy hulle nie probeer mislei het nie, maar dat omstandighede buite sy beheer hom gebring het waar hy nou is. Alles veroorsaak deur die indiensnemingsbeleid van die magtige VOC en ’n onverwagte siekte – dinge waaraan hy niks kon doen nie. En natuurlik is daar nog die liefde. Seker ook iets waaraan hy niks kon doen nie.

Voetnote

- 1 Ek gee graag erkenning aan Anista van Huyssteen, Christine Barkhuizen-Le Roux, Corney Keller, Elmien Wood en Leonie Roux vir advies in verband met die artikel.
- 2 Carl Dietrich Barckhausen, brief aan Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen, 14 Junie 1770, privaatversameling van dr. J. J. Botha (Universiteit van Leicester), digitale foto's in skrywer se besit. Alle verdere verwysings na hierdie brief sal nie in die voetnote nie, maar in die artikel self aangedui word met óf die naam van Carel Dietrich, óf die jaartal 1770.
- 3 Rhoda van Rooyen, onderhoud met skrywer in 2008. Sy vertel dat sy as 16-jarige teenwoordig was toe die briewe tussen haar pa se besittings “ontdek” is.
- 4 Dietrich Ludwig Barckhausen, brief aan Johann Nicolaus Wilhelm Barckhausen, 14 Augustus 1816, privaatversameling van dr. J. J. Botha (Universiteit van Leicester), digitale foto's in skrywer se besit. Alle verdere verwysings na hierdie brief sal nie in die voetnote nie, maar in die artikel self aangedui word met óf die naam van Dietrich Ludwig, óf die jaartal 1816.
- 5 Dietrich Ludwig het moontlik die brief in Nederlands geskryf, omdat hy gedink het dat sy oom Johann na 50 jaar in die Kaap de Goede Hoop Nederlands as taal verkies het. Dietrich Ludwig het Nederlands waarskynlik goed gepraat omdat hy baie besigheid in Nederland gedoen het. Hy beveel byvoorbeeld in sy 1816-brief aan dat Johann 'n brief aan hom via hulle handelsvennote in Amsterdam, B. J. Ploos van Amstel en Ludwig, adresseer. 'n Mens moet ook onthou dat die Barckhausen-familie met die spreektaal, “Steinheimer Platt”, bekend was. Platduitse of Lae Duitse dialekte het die taalgrens tussen Nederlands en Duits so oorvleuel dat sprekers van die twee tale mekaar maklik kon verstaan het.
- 6 Eksterne en interne historiese kritiek verwys na die proses om die totstandkoming en inhoud van die briewe te bevraagteken en sodoende die egtheid en geloofwaardigheid te bepaal. Die omstandighede waaronder die briewe “ontdek” is, die taalgebruik en skrif in die briewe, persoonlike inligting oor die familie en die konteks van die gesprek wys uiteensleglik dat die briewe eg is. Die 1770-brief is deur Roland Linde, skrywer van verskeie publikasies oor families, landgoedere en dorpe in Wesfale, getranskribeer.
- 7 Linde, Roland. *Meier zu Barkhausen. Eine Geschichte der Höfe Niederbarkhausen und Hohenbarkhausen in Lippe*. (Lage, Lippe Verlag, 2006), p. 307.
- 8 Linde, Roland. *Barckhausen_Horn_Stammfolge*, e-pos aan skrywer 20 September 2011.
- 9 Landesarchiv Nordrhein Westfalen, OWL, L112A, Heiligenkirchen nr. 1, p. 98.
- 10 Bisdomargief Paderborn, Steinheim-kerkboeke, Vol 3-6, 1727 -1756. Die doop- en sterfinligting van die ander kinders (behalwe die sterfdatum van J. N. W. Barckhausen) is ook in die Steinheim-kerkboeke verkry.
- 11 Kaapse argiefbewaarpark, MOOC 7/1/64 nr. 35.
- 12 Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Ned. Geref. Kerk Huwelike, Paarl (Drakenstein) 1717-1839, Film KD&L&H 256.
- 13 Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Ned. Geref. Kerk Doopregister, Tulbagh (Roodezand) 1743–1834, Film 5-153.
- 14 Kaapse argiefbewaarpark, MOOC 7/1/100 nr.4.
- 15 Linde, Roland. *Barckhausen_Horn_Stammfolge*, e-pos aan skrywer 20 September 2011.
- 16 Nasionaal Archief, Den Haag, Verenigde Oostindische Compagnie (VOC), nommertoeegang 1.04.02, inventarisnommer 6331, Bosschenhoven: Grootboek en joernaal, 1755-1756, folio 316.
- 17 Linde, Roland. *Meier zu Barkhausen*. 2006, p. 307.
- 18 Moree, P. J. (s.d.) *Brieven voor Batavia. Het postvervoer tussen Nederland en Azië in de tijd van de VOC*, http://www.nvpvniemegen.nl/artikelen/brieven_voor_batavia.htm
- 19 Schrijver. (s.d.). *De VOCsite*. Geraadpleeg op 30 Maart 2013, by <http://www.vocsite.nl/geschiedenis/functies.html>
- 20 Comptoir. (s.d.). *De VOCsite*. Geraadpleeg op 30 Maart 2013, by <http://www.vocsite.nl/woordenlijst/po.html>
- 21 Van Gelder, Roelof. *Oost-Indisch Avontuur*, p. 70.
- 22 Van Gelder, Roelof. *Oost-Indisch Avontuur*, p. 56.

-
- 23 Van Gelder, Roelof. *Oost-Indisch Avontuur*, p. 117.
- 24 Nationaal Archief, Den Haag, Verenigde Oostindische Compagnie (VOC), nommertoeegang 1.04.02, inventarisnummer 6461, Kievitsheuvel: Grootboek; journaal; resoluties van de scheepsraad; gedeeltelijk gedrukte memorie betreffende meegegeven scheepskleding en scheepsboeken; lijst van aan boord verkochte scheepskleding; lijst van bemanningsleden die op andere schepen zijn overgegaan of in Kaap de Goede Hoop naar het hospitaal zijn gebracht, 1765 - 1766, folio 262. 'n Volkhouder is iemand wat personeel vir die VOC gewerf het.
- 25 Roeper, Vibeke, en Roelof van Gelder, ed., *In dienst van de Compagnie. Leven bij de VOC in honderd getuigenissen [1602-1799]*. (Amsterdam: Athenaeum-Polak & van Genneep, 2002), p. 287.
- 26 Nationaal Archief, 1.04.02, inventarisnummer 6461, folio 262.
- 27 Bruijn J.R., F.S. Gaastra en I. Schöffner, *Dutch- Asiatic shipping in the 17th and 18th Centuries*, besonderhede van reise 3945.4, 3939.3, 3942.1, 3936.3 en 3944.4, geraadpleeg op 30 Maart 2013 by <http://www.historici.nl/Onderzoek/Projecten/DAS>
- 28 Sleigh, D. *Die Buiteposte*. (Pretoria: Protea Boekhuis, 2004), p. 4-6.
- 29 Van Gelder, Roelof. *Oost-Indisch Avontuur*, p. 159.
- 30 Nationaal Archief, Den Haag, *Vocopvarenden*, Kievitsheuvel 1765, geraadpleeg op 30 Maart 2013 by <http://vocopvarenden.nationaalarchief.nl/list.aspx>
- 31 Nationaal Archief, 1.04.02, inventarisnummer 6461, folio 262, Grootboek p. 61, 62.
- 32 Sleigh, D. *Die Buiteposte*. (Pretoria: Protea Boekhuis, 2004), p. 4 - 6.
- 33 Nationaal Archief, 1.04.02, inventarisnummer 6461, folio 262, Grootboek p. 66.
- 34 Nationaal Archief, 1.04.02, inventarisnummer 6461, folio 262, Grootboek p. 61, 62.
- 35 Schoeman, Karel. *'n Duitser aan die Kaap, 1742 – 1765*. (Pretoria: Protea Boekhuis, 2004), p. 176.
- 36 Kaapse argiefbewaarpark, VC 45 Generale Monsterrollen, Lys vir 1766, p. 38, lys vir 1767, p. 7.
- 37 Kaapse argiefbewaarpark, CJ 2909 (Kontrakte), p. 219.
- 38 Heese, J. A. *Die Kerk in die wolke. Eeufoesgedenkboek van Uniondale, 1866-1966*. (Elsiesrivier: Nasionale handelsdrukkerye, 1965), p. 109.
- 39 Informator. (s.d.). *Wiktionary*. Geraadpleeg op 30 Maart 2013, by <http://en.wiktionary.org/wiki/informator>
- 40 Schoeman, Karel. *'n Duitser aan die Kaap, 1742 – 1765*. (Pretoria: Protea Boekhuis, 2004), p. 186.
- 41 Kaapse argiefbewaarpark, CJ 2909 (Kontrakte), p. 219. Kantaantekeninge wys dat die kontrak op 29 September 1769 en in Julie 1770 telkens vir nog 'n jaar verleng is.
- 42 Genealogiese Instituut van Suid-Afrika, Ned. Geref. Kerk Doopregister, Tulbagh (Roodezand), 1743–1834, Film 5-153.
- 43 Staatsarchiv Detmold, Protestantse kerk in Lippe, Kerkboek Schwalenberg, Band 2, p. 217. Op Paasmaandag, 8 April 1759, het hy op 13-jarige ouderdom, in die Evangelies Gereformeerde gemeente Schwalenberg belydenis van geloof afgelê.
- 44 Barkhuizen, J. G., *Die Familie Barkhuizen*, geraadpleeg op 30 Maart 2013, by <http://www.barkhuizen.co.za/pdf%20files/Famgesk%20deel%201.pdf>
- 45 Kaapse argiefbewaarpark, C1166, p. 35.
- 46 Kaapse argiefbewaarpark, MOOC 14-80 vol 19-2 deel 2.
- 47 Kaapse argiefbewaarpark, MOOC 8-15 ref 1c inventaris 02.02.1774